Sandton Afrikaanse Akademie

SELFOONBELEID

KLASTYD

Ons besef dat selfone noodsaaklik vir ouers en leerders is, maar dat daar riglyne moet wees ten opsigte van die gebruik daarvan tydens skoolure.
Die volgende punte is van belang.

- Geen selfone, MP3 Players of IPods met/sonder oorfone mag gedurende klastyd gebruik word nie.
- Alle selfone moet op "silent" wees gedurende klastyd, of afgeskakel word.
- Geen leerder mag 'n oproep of 'n sms in klastyd neem of maak nie.
- Geen boodskappe mag oor en weer in klastyd tussen maats en mede-leerders gestuur word nie.
- Selfone mag nie sigbaar wees nie. Indien 'n leerling in klastyd met sy/haar selfoon besig is, sal die selfoon ingeneem word en na die hoof geneem word. Dit sal in 'n register opgeteken word. Die leerder moet self die foon by die hoof gaan haal. Na die 3de keer sal die selfoon gekonfiskeer word. Ouers sal in kennis gestel word.
- Geen leerling mag sy/haar ouers self bel as hulle siek is nie. Die ouers word uit die kantoor geskakel en leerders word by die kantoor afgehaal.
- Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone wat verlore raak nie.
- Met die voorkoms van swak taal en pornografie sal die selfoon dadelik ingeneem word en ouers onmiddellik in kennis gestel word. Ouers word gevra om te kyk na sms'e en ander materiaal wat ook van die internet afgelaai word.
- Geen foto's of video's van ander leerders of van personeel, mag geneem word nie. Dit word gesien as 'n ernstige oortreding en kan lei tot 'n dissiplinêre verhoor.

VEILIGHEID

Leerders wat huistoe stap of met 'n fiets ry, moet bedag wees op selfoonrowers - hou selfone buite sig.